## REDAKSIONEEL

Dit is met leedwese oor sy dood, maar nogtans met dankbaarheid oor sy groot bydrae tot die Klassieke in Suid-Afrika dat ons die nagedagtenis van prof Tot de Kock in hierdie uitgawe gedenk. Ons innige meegevoel gaan na sy familie. Ons moet eweneens met 'n gevoel van verlies berig dat nog 'n klassikus, prof Ursula Vogel, ons in die afgelope jaar ontval het. Prof Vogel sal veral onthou word vir haar jarelange onbaatsugtige en nougesette diens aan die Klassieke Vereniging van Suid-Afrika as redakteur van *Acta Classica*. Ons is dankbaar dat ons in hierdie uitgawe 'n artikel van prof D B Saddington waartoe sy ook 'n laaste bydrae gemaak het, kan plaas.

Aangesien verlede jaar se *Akroterion* in sy geheel as 'n feesbundel aan prof P J Conradie gewy is, was daar nie ruimte om bydraes onder die rubrieke *Varia didactica* en *Resensies* te publiseer nie; daar word dus in hierdie uitgawe gepoog om die agterstand in te haal. Sommige van hierdie bydraes wat nou gepubliseer word, is reeds meer as 'n jaar gelede aan *Akroterion* voorgelê—ons dank aan die skrywers vir hulle begrip en geduld.

Die *Riglyne vir bydraers* tot *Akroterion* is nou in Engels op die Internet beskikbaar (http://www.sun.ac.za/classics/akro/akroguid.html). Hou gerus *Akroterion* se tuisblad vir verdere nuwe ontwikkelinge dop: ons beoog onder meer om op eksperimentele basis sommige artikels wat in *Akroterion* verskyn of verskyn het, ook op die Internet beskikbaar te stel.

Ek herinner lesers weer daaraan dat *Akroterion* sedert 1996 net twee maal per jaar verskyn, hoewel die totale aantal bladsye dieselfde bly as in die verlede. Die numerering van individuele uitgawes word dus ook nou dienooreenkomstig aangepas, d.w.s. 42(1) en 42(2) instede van 42(1–2) en 42(3–4).

J C THOM
*Redakteur*